BERGRIVIER MUNISIPALITEIT

BERGRIVIER PRESTASIES DIE AFGELOPE 5 JAAR

9 MEI 2011

Aan die einde van die 5 jaar beplanningsiklus van die Bergrivier Munisipaliteit, is ons trots om die volgende prestasies van die afgelope 5 jaar uit te lig.

- Twee agtereenvolgende **skoon oudits** 2008/09 en 2009/10.

- Instelling van 50 eenhede gratis elektrisiteit en 6000 liter gratis water aan alle inwoners;

- Verhoging van deernis toelae vanaf R2100 tot R2500 per huishouding;

- Bewoners wat inwoon by pensionarisse en diegene wat medies ongeskikte toelaes ontvang se inkomste word nie in berekening gebring vir kwalifisering van deernis toelae nie;

- Die belastingvrye perk, van toepassing op laekoste behuising, is verhoog vanaf R20 000,00 tot R50 000,00 wat alle laekoste huiseienaars dus vrystel van eiendomsbelasting;

- 150 laekoste huise is in Velddrif gebou en 328 huise is tans in aanbou in Piketberg – die eerste sedert 1998. Inwoners aan wie die huise toegeken word sal ook kwalifiseer vir deernistoelaes waar van toepassing. Vyf-en-twintig Wendy huise is opgerig in die Trajektekamp te Piketberg en dien as noodbehuising vir gesinne wie voorheen in tente gebly het.

- Deelname aan die uitgebreide publieke werke program het werksgeleenthede vir 263 inwoners geskep ter waarde van R695 000,00. Vir 2011/2012 is 12 projekte reeds geregistreer ter waarde van R893 000,00 wat werk vir 409 inwoners sal skep. Daarvan sal 42 werksgeleenthede vir vrouens en 249 vir die jeug wees;

- Ten einde die plaaslike ekonomie te stimuleer en werksgeleenthede te beskerm, is eiendomsbelasting toegewings aan die landbou sektor sowel as aan die besigheidssektore gemaak;

- Bergrivier is reeds by verskeie geleenthede beoordeel as van die top munisipaliteite in die land sover dit basiese dienslewering betref. Die kliëntediens handves wat gedurende 2009 ingestel is, dien as 'n basis waarvolgens inwoners dienslewering kan beoordeel.

- Infrastruktuur ontwikkeling en instandhouding word as hoë prioriteite geag en die opgradering van watersuiweringswerke en rioolwerke te Piketberg is tans onder konstruksie.

- Die beplanning is reeds gedoen vir die instelling van 'n herwinningstelsel vir Bergrivier wat werksgeleenthede vir privaat kontrakteurs sal skep en, met verloop van tyd, die hoë koste vir vullis verwydering en storting sal verminder.

- Grootmaat Elektrisiteits dienste te Velddrif en Dwarskersbos is opgegradeer teen ongeveer R14 miljoen.

- Aansienklike vordering is gemaak met 'n interdepartementele projek om waterverliese te verminder.

- Nuwe basiese sportgeriewe is voorsien aan die gemeenskappe te Eendekuil, Redelinghuys en Aurora.

- Die nuwe munisipale swembad te Porterville is voltooi.

- 'n Nuwe verkeerstoetssentrum is aangebou. Hierdie sentrum voldoen nie net aan die behoefte vir 'n noodsaaklike diens aan ons gemeenskap nie maar dien ook as 'n inkomste bron vir die munisipaliteit. Opgradering van die munsiplale kantore het beter dienslewering ten doel en sal uitgawes wat tans vir die huur van private kantoorruimte aangegaan word elimineer. Dit moet ook in gedagte gehou word dat kapitaal wat op hierdie geboue spandeer word, bates vir die gemeenskap skep en dus waarde toevoeg vir die gemeenskap en belastingbetalers.

- 'n Rampbestuursplan is opgestel.

- 'n Brandbestrydingsvoertuig is aangekoop vir Velddrif.

- Twee "Wheelie Wagon" biblioteke is geopen te Wittewater en Berghof. Die Aurora en Redelinghuys Biblioteke is opgegradeer en uitgebrei.

- Die Porterville en Piketberg Museums se temas is in samewerking met die Provinsiale Museumdienste hersien. Velddrif het die tuiste van die inhoud van die eertydse

Provinsiale Museum wat in Houtbaai was, geword, en word deur vrywilligers en die Visfabrieke gerugsteun en bedryf.

- Bergrivier word lid van die Internasionale Biodiversiteitsprogram, Plaaslike Aksie vir Biodiversiteit, die aanbied van ‘n suksesvolle internasionale biodiversiteitswerkswinkel in Velddrif gedurende Februarie 2011, en die ontwikkeling van ‘n vennootskap met die Berg Estuarium Forum om die bewaring van die Bergrivier Estuarium op ‘n volhoubare wyse te bestuur.

- Bergrivier ontvang die volgende toekennings in 2011:
  - PMR Africa, Golden Arrow 2011 toekenning, gesamentlike eerste plek in die Kaap Weskus Streeksopname vir: “Companies and institutions doing most in their sectors over the past 12 months to stimulate the economic growth and development of the Cape West Coast Region”.
  - PMR Africa, Golden Arrow 2011 toekenning, algehele tweede plek in die Kaap Weskus Streeksopname vir: “Towns doing most to attract local investment”.
  - PMR Africa, Golden Arrow 2011 toekenning, algehele tweede plek in die Kaap Weskus Streeksopname vir: “Towns doing most for social upliftment”.

NAVRAE: CHRISTA LIEBENBERG, MUNISIPALE BESTUURDER, TEL 0229131126.